April 2014

Liewe Vriende

Ps 106, Wie kan ooit U lof besing na waarde?

YWAM MAPUTO

Dit is met groot vreugde en dankbaarheid wat ek met u deel wat God besig is om te doen in Ywam Maputo. Dit gan goed met die span wat daar werk. Ek het daagliks kontak met die leier. Ek tree steeds in n raadgewende hoedanigheid op en die leier kan my enige tyd kontak inden sy raad, hulp of gebed nodig het.

Hulle het sopas n span van Hawaii ontvang. Hierdie span help met die bediening onder die straatvroue. Hulle hou een maal n week kerk in een van die vroue van die gemeenskap se huis en werk saam met van die kinderhuise. Gedurende April was dit die dag van die Mosambikaanse vrou. Hulle het n spesiale tee vir die vroue aangebied op die dag. In die kultuur word daar dikwels neergesien op die vroue. Hulle het die geleentheid gebruik om die vroue spesiaal te laat voel en Jesus se liefde te deel.

YWAM MOSSELBAAI

Ons kom een keer n week bymekaar as n span. Dan bid ons saam vir die verskillende bedieninge en bedieningsgeleenthede wat Vader vir ons bied. Nadat ek gehoor het van de nood van sommige van ons sendelinge het Vader dit op my hart gedruk om n sending ontbyt te reel. Prys die Here vir ons span want saam het ons amper al die kaartjies verkoop.

KAIROS

Ek het reeds gedeel dat ek die kursus wat ons as n mobiliserings instrument gebruik, voltooi het. Ek sal nou Donderdag en Vrydag die fasiliteringsopleiding voltooi. Dan kan ek help om die kursus te fasiliteer wanneer dit weer aangebied word.

PERSOONLIK

Dit gaan goed met my en klein Joshua. Adrian was deel van die manne wat die Mighty men bygewoon het. Hy is baie opgewonde oor wat God daar gedoen het en het met n nuwe vuur in hom teruggekom.

GEBED

Bid asb vir Ywam Maputo en hul werk.
Bid ook asb vir ons werk hier in Sa.

Baie dankie vir u getroue ondersteuning
Marelize en Adrian